# Lesing 13.08.2018 - Lesing 11- Die verskillende menserasse en hulle uiteindelike doel

### Die drie wyse manne

Om meer oor hierdie verbond te wete te kom, moet ons weer na die Nuwe Openbaring gaan en lees. Dit sal vir u vreemd voorkom, maar ons gaan nou na die verhaal van die drie wyse manne wat uit Persië wat eerbewyse en geskenke gebring het aan die Kindjie te Betlehem. Hierin lê `n diep verskuilde verbond versteek.

`n Verbond wat met Adam, Kain en Abraham gemaak is. Hierdie drie wyse manne besoek JaHshua daarna nog een keer, na ongeveer 33 jaar, tydens Sy bediening op aarde en, onwetend dat Hy die Messias was, getuig die volgende oor hul reis uit die Ooste na die ster in Bethlehem.

**Groot Johannes Evangelie Boek 6 Hfs 38**

***NOJ06_38:[3]*** *Maar toe ons destyds in Bethlehem was, was daar nog* ***<u>drie geeste in ons, stammende uit die oertyd van die mense van hierdie aard</u>****e; hulle is nou nie meer in ons en met ons verbonde nie, ons is nou vry en alleen.*

*[4] Toe hierdie geeste ons verlaat het, het dit uiterlik sekerlik voorgekom asof ons gesterf het; maar ons geeste het ons weer lewend gemaak en ons leef nou weer baie goed verder vir ons self en sal nog `n geruime tyd verder leef. Maar as die liggaam eers heeltemal onbruikbaar sal word, sal ons nie soos wat die arm mense hier in die land, erbarmlik sterf nie, maar ons sal by ons volle bewussyn self vrywillig ons liggaam verlaat en dan as geeste voortleef en ook werk* ***<u>onder mense soos ons</u>****. Sien, edele, groot Meester, so staan die sake by ons omdat ons nog `n onbedorwe oer- en natuurvolk is.”*

Ons beweeg nou na die geboorte grot van JaHshua, waar die drie Persiese Wyse manne en hul gevolg voor die grot gekampeer is. Groot konsternasie heers in die grot, maar Cornelius, die hoofman, nooi die Perse na binne en verseker vir Miriam (Maria) en Josef dat alles in orde is. Ons sal nou verder duidelikheid kry oor wie hierdie geeste was wat in die Perse teenwoordig was.

### Die Jeug van JaHshua, Hfs 30

*[14] En die hoofman het na buite gegaan en dit aan die drietal (drie wyse manne) meegedeel. Die drie het egter dadelik op die aarde neergeval, Elohim vir hierdie toestemming geloof en toe die goue sakke geneem en hulleself met die grootste eerbied in die grot begewe.*

*[15] Die hoofman het die deur oopgemaak en die drie het met die grootste eerbied die grot binnegetree, want op die oomblik van hulle binnekoms het `n magtige Lig van die Kind uitgestraal.*

*[16] Toe hulle, naamlik die drie Wyses, die krippie waarin die Kindjie gelê het, tot op enkele tree genader het, het hulle dadelik op hulle aangesigte neergeval en Hom aanbid.*

*[17] Omtrent `n uur lank het hulle, van groot eerbied vervul en geboë voor die Kind gelê; toe eers het hulle hulself langsaam opgerig en het knielend hulle betraande gesigte opgehef en die Meester, die Skepper van die oneindigheid en die ewigheid aanskou!*

*[18] Die name van die drie Wyses was: Gaspar, Melchior en Balthazar.*

*[19] En die eerste,* ***<u>gelei deur Adam (Gaspar) se gees</u>****, het gesê: "Gee aan Elohim die eer, die lof en die prys! Hosannah, Hosannah voor Elohim, die Drie-enige van ewigheid tot ewigheid!"*

*[20] Nou het hy die sak wat met goud bewerk is en waarin drie-en-dertig pond van die fynste* ***wierook*** *was, geneem en dit met die grootste eerbied aan Miriam gegee met die woorde:*

*[21] "Aanvaar, o moeder, sonder skroom die klein bewys aan Hom, waarvan my gehele wese vir ewig vervul sal wees! Aanvaar die eenvoudige uiterlike tribuut (geskenk) wat elke denkende skepsel uit die grond van sy hart ewig verskuldig aan sy Almagtige Skepper is!"*

*[22] Miriam het die swaar sak geneem en dit aan Josef gegee, en die skenker het opgestaan en na die deur gegaan en daar nogmaals neergekniel en die Meester in die Kind aanbid.*

*[23] En nou het die tweede, wat* ***<u>`n Moor (Melchior) was en deur die gees van Kain gelei is</u>****, `n ietwat kleiner sak, maar van dieselfde gewig, gevul met die suiwerste goud, opgetel en dit aan Miriam oorhandig met die woorde:*

*[24] "Wat die Koning van die geeste en die mense op aarde regtens toekom, bring ek hier, `n baie klein offer vir U, my Meester van die heerlikheid vir ewig! Aanvaar dit, o moeder, uit wie gebore is, wat alle engeletonge in alle ewigheid nie in staat sal wees om uit te spreek nie!”*

*[25] Miriam het nou die tweede aangeneem en dit aan Josef gegee! En die offerende Wyse het opgestaan en na die eerste gegaan en gedoen, wat die eerste gedoen het.*

*[26] Vervolgens het die derde opgestaan, en sy sak, wat met die allerfynste goudmirre en destyds een van die kosbaarste speserye was en dit aan Miriam oorhandig met die woorde:*

*[27] "****<u>Abraham( Balthazar) se gees is in my geselskap</u>*** *en hy sien nou die dag van JaHWeH, waarna hy so uitermate uitgesien het!*

*[28] Maar ek, Balthazar, offer hier in die vorm van hierdie klein gawe wat aan die Kind van alle kinders toekom! Aanvaar dit, o moeder van alle barmhartigheid!* ***`n Beter offer berg ek egter in my bors; dit is my liefde, wat vir die Kind ewig `n opregte offer sal wees!****"*

## Lesing 14.08.2018 - Lesing 12 - Die verskillende menserasse en hulle uiteindelike doel

Om die geestelike betekenis hiervan te verstaan, moet ons na nog `n boek in die NO gaan en wel "*Die Geestelike Son Boek 2 – Hfs 15*" deur Jakob Lorber. Hier onderrig `n geestelike wese ons vanuit die hemele as volg oor dieselfde aangeleentheid.

**Die drie wyses uit die môreland: Hulle wese. Die groot betekenis vir en van ons aarde**

[6] Julle het oor hierdie drie wyses verneem dat **Adam, Kain en Abraham** in hulle aanwesig was. Dit is korrek;

11 .....Hoe was hulle egter aanwesig? Kyk, dit is `n ander vraag! Dit het julle nie gestel nie; daarom bly hierdie vraag ook soos `n omhulsel om julle meegedeelde boodskap. Maar nou is dit tyd om hierdie omhulsel te breek, omdat ons die suiwer waarheid vir ons doel nodig het. Weet dus:

12 Hierdie drie wyses was drie baie gewone priesters van die beter soort uit die streke van Assirië. Julle weet dat ten tye van Salomo, het die welbekende groot koningin van die Assiriese ryk, wat aan julle bekend is, na Jerusalem gekom om Salomo se wysheid te hoor. So word daar dus al in hierdie tyd ook aan die heidense volk deur die beter deel van sy priesters die profesie gegee dat sy seuns eens `n ster sou ontdek wat vir alle volkere van die aarde sou opgaan. Sedert hierdie profesie bly `n deel van die priesterskap van die volk dan ook steeds daaraan vashou en bestudeer die sterrehemel voortdurend. Met dié doel reis hierdie priesters dan ook na alle lande, waar daar in hierdie tyd ook maar groot wyses hulle ophou, om van hulle so menige diepere wysheid, veral betreffende die leer van die ooreenstemminge, te leer.

13 Ten tye van die geboorte van die Messias het die kollege van hierdie priesters taamlik groot geword, maar op drie na laat hulle hulleself almal deur winsbejag saamsleep en dien aldus so die Mammon. Slegs drie hou hulle aan die suiwer wysheid, versmaad die wêreld met haar skatte en soek die loon vir hulle geestelike arbeid slegs in die gees en in die waarheid.

14 Wat het daar dan ten tye van die geboorte van ons hooggeprese en bowe alles geliefde Meester gebeur?

15 Hulle ontdek `n ongewone skitterende, opkomende ster, bestudeer haar baan en die sterrebeelde waaronder sy opkom en hoe sy verbygaan. Terwyl hulle so met die diepere betekenis van hierdie ster besig was en die ster teen middernag presies bokant die hoogste punt te staan kom, verskyn drie in wit geklede manne aan hulle, wat vir hulle sê: Ken julle hierdie ster? En die wyses sê: Ons ken haar nie. Die manne wat egter verskyn het, sê vir die wyses: Staan ons toe dat ons julle voorhoof en bors aanraak, dan sal julle onmiddellik die groot betekenis van hierdie ster leer ken. Maar die wyses sê: Is julle miskien towenaars uit Indië, dat julle dit met ons wil doen?

16 Maar die drie in wit geklede manne antwoord: Volstrek nie: Ons wil nie die mag van die hel openbaar aan julle nie, maar ons wil God se krag aan julle toon en julle daarheen lei waar die ewige Meester van hemel en aarde in Sy goddelike volheid neergedaal het. `n Maagd het die eindelose genade ten deel geval; sy het ontvang van die Meester en het `n Kind van alle kinders, `n Mens van alle mense en `n God van alle gode gebaar! Sien, dit wil ons julle laat sien en laat daarom toe dat ons julle aanraak. En die wyses sê: Dit is dan soos julle wil, maar sê ons eers wie julle is.

17 En een van die drie wat verskyn het, sê: Het julle nooit gehoor hoe dit was by die begin van die wêreld nie? Sien, aan my was `n liggaam deur God gegee; dit het ek negehonderd-en-dertig jaar gedra en was so geskape as eerste mens van hierdie aarde: My naam was Adam, die eersteling van God op hierdie aarde. Na hierdie woorde laat die oudste hom deur **die gees van Adam** aanraak en toe die gees die oudste aanraak, word hy terstond onsigbaar; **maar die oudste was vervul van die gees van Adam**.

18 En op dieselfde wyse gaan dit met die twee ander en die ouer een word **vervul deur die gees van Kain** en die jongere **met die gees van Abraham**, sonder om egter daardeur ook maar iets van hulle eie indiwidualiteit te verloor. Maar op die oomblik van hierdie handeling sien hulle die groot betekenis van hierdie ster en van die woorde van die profesie wat, soos gesê, geskied het ten tye van die groot koningin van hierdie land.

19 Daarom begewe hulle hulleself dan ook onmiddellik vanaf hulle uitkykpos op die weg, rus hulle kamele uit en dra aan hulle knegte op om mirre, goud en wierook te koop. Dit was naamlik in dié land die gebruiklike geskenk vir `n nuutgebore koning; mirre vir die kind, goud vir die koning, wat by hulle, mens van die mense heet, soos so 'n koninklike kind van die kinders genoem word. Wierook skenk mens ook vir die koning, omdat die koning vir die gesalfde magsdraer van die Godheid op aarde aangesien word. Toe dit alles aangedra was, begin die reis ook dadelik. Die ster was die wegwyser en **die drie geeste was die innerlike gidse** van ons bekende drie wyses uit die môreland.

20 Kyk, met hierdie beskrywing is julle boodskap onthul en tewens ook die innerlike waarheid wat juis in hierdie drie wyses Adam, Kain en Abraham aanwesig was. Abraham, wat hom in sy gees reeds baie lank verheug het op die dag wat hy Hom mag sien, soos die Meester hom self voorgesê het, het hom ook werklik gesien; liggaamlik deur die wyses, geestelik in homself en hemels in die aanskoue Kind van die kinders, Mens van die mense en God van die gode!